



Kwartaal 1, Toets 2024

Vraag 1

1.1 Skryf die volgende getalle in stygende orde: (1)

$-8; 1; 5; -10; 0; -1; -5$

1.2 Skryf 'n heelgetal neer wat:

1.2.1 9 kleiner is as -20 (1)

--

1.2.2 3 groter is as -5 (1)

--

1.2.3 10 kleiner is as 2 (1)

--

1.3 Bereken, sonder die gebruik van 'n sakrekenaar:

1.3.1 $(-6) + (-6)$ (1)

1.3.2 $(3) + (+2) - 1$ (1)

--

1.3.3 $(-21) \div (-7)$ (1)

--

1.3.4 $(-6) \times -(2 + 3) \times 0$ (1)

--

1.3.5 $12 \times (-5) \div 6$ (2)

1.3.6 $-5^2 + (-5)^2$ (3)

1.3.7 $-2(4 + 3) - (-\sqrt{100 - 36})$ (3)

1.3.8 $3 + (-2)(4) - (1 - 4)$

(3)

[19]

Vraag 2

2.1 Skryf al die faktore van 36 neer.

(3)

2.2 Skryf al die priemfaktore van 36 neer.

(2)

--

2.3 Skryf al die veelvoude van 9 groter as 18 en kleiner as 45 neer.

(2)

--

2.4 Skryf twee saamgestelde getalle tussen 10 en 20 neer.

(1)

2.5 Skryf die identiteitselement van optelling neer.

(1)

--

2.6 Skryf die vermenigvuldigingsinverses van 2 neer.

(1)

--

[10]

Vraag 3

3.1 Bepaal die KGV van 525 en 90 deur eerstens elkeen as 'n produk van hul priemfaktore te skryf.

(4)

3.2 Bepaal die GGF van 12, 36 en 120 deur eerstens elkeen as 'n produk van hul priemfaktore te skryf.

(5)

3.3 Elkeen van die volgende stellings is verkeerd.

Doen 'n berekening en stel elk van die volgende stellings reg.

3.3.1 $4 \div 0 = 4$ (1)

3.3.2 $(-1)^{10} = -10$ (1)

3.3.3 $(2)^0 = 0$ (1)

3.3.4 $20 \div (5 - 1) = (20 \div 5) - (20 \div 1)$ (1)

[13]

Vraag 4

4.1 Beskou die volgende algebraïese uitdrukking en beantwoord die vrae wat volg:

$$9x + 8x^3 - \frac{x^5}{5} - 10 - 12x^4$$

4.1.1 Hoeveel terme bevat die uitdrukking? (1)

--

4.1.2 Skryf die eksponent van die tweede term neer. (1)

--

4.1.3 Wat is die waarde van die konstante term? (1)

--

4.1.4 Skryf die koëffisiënt van x^5 in die derde term neer. (1)

--

4.1.5 Skryf die uitdrukking in dalende magte van x . (1)

4.1.6 Bereken die waarde van die uitdrukking, indien $x = -1$. (6)

[11]

Vraag 5

5.1 Skryf 'n algebraïese uitdrukking vir elk van die volgende:

5.1.1 Die produk van 'n sekere getal en 2 word van 10 afgetrek. (2)

5.1.2 Die som van drie opeenvolgende getalle word vermenigvuldig met 3. (2)


5.2 Vereenvoudig die volgende uitdrukkings volledig:

5.2.1 $12 \times x - 2 \times x \times y$ (1)

5.2.2 $5a \times 2b + (-3b \times -a)$ (2)

5.2.3 $(3x \times -y) + (4m \times 2n) - (-x \times 4y) - (-5mn)$ (2)

5.3 Bepaal, in terme van x , die omtrek van die onderstaande reghoek: (3)



[12]

Totaal: [65]